Exhibition, Winchester Mansions, Cape Town, 16 May 2007
Contact Details: Patrice Boussekey +27 21 426 1748 or Hilde 083 55 66 142

Persverklaring

# Top kontemporêre kunstenaar by Winchester Mansions se Fynproewer, Kuns- & Wynaand

Een van Suid-Afrika se top kontemporêre kunstenaars, Richard Scott open sy kunsuitstalling genaamd *"La Bella Vista"* op Woensdag, 16 Mei by die Fynproewer, Kuns- & Wynaand by Winchester Mansions Hotel in Seepunt.

Die uitstalling sal 'n verskeidenheid kunswerke vertoon wat kommunikeer oor passie, vroue, vinnige motors, glans en modes. Sy prontuit en ikonoklastiese benadering tot sy kuns, het hierdie bekroonde kunstenaar op die boonste rakke van sy professie geplaas. Hy is bekend vir sy prikkelende kunswerke wat aangenaam is vir die oog en gesog is onder versamelaars.

Sy kunswerke bestaan uit wit onderwerpe wat omlyn is met dik swart lyne, met die byvoeging van vaste en treffende kleure. "Die wit verteenwoordig die skoonheid van die onderwerp – die geheime wêreld binne die onderwerp. Die geheime wat ons as mense net met diegene naby aan ons deel. Die wêreld waarvan ons so min weet. Die samelewing het ons toegerig om dit te ignoreer deur net te fokus op die kleurvolle uiterlike omhulsel. Ons ontmasker net die skoonheid wanneer ons die lyne afbreek en nie verder die situasie wat die samelewing ons bied, kan hanteer nie. Ons kies om die kleurvolle sy van onderwerpe te sien", is hoe Richard sy werk beskryf.

Hy gebruik meestal impasto en akriel op skilderdoek vir sy kunswerke, maar maak ook soms gebruik van ander mediums soos olie- en waterkleure. Al het Richard geen formele opleiding in kuns ontvang nie, het hy nog altyd 'n passie vir kuns gehad. Hy het eers in die rekenaarbedryf en bemarkings industrie gewerk, maar kon nie sy groot passie wegsteek nie en in Januarie 2002 besluit hy om dit sy voltydse beroep te maak.

"Ek wil aan die wêreld wys deurmiddel van my kuns, dat ek die toerigting van die samelewing afkeer. Ek wil uniek en aan die voortou wees. Ek wil uiting aan my gedagtes gee deur die mees eenvoudigste, kleurvolle en suiwer manier", sê Richard. Hy het nog altyd die passie gehad om te skep en deur sy kunswerke het hy 'n manier gevind om sy haat vir toerigting en sy liefde vir kuns te verbind. Kuns is inderdaad sy roeping.

meer ….

Richard is in Melkbosstrand gevestig en is op die stadium van sy loopbaan waar hy, asgevolg van die hoë aanvraag vir sy kuns, nou selfs assistente aangestel het. Die kunsuitstalling by Winchester Mansions is die eerste uitstalling wat die sogenaamde "massa-produksie" fase merk. In 2004 het hy van sy kunswerke opgeveil en meer as R100 000 vir liefdadigheid ingesamel. Hy beplan ook nou om 'n fonds te stig wat sal help om sy donasies beter te behartig en om ook meer vir die kunste te bied. Kuns is dus nie net sy groot passie nie, maar ook sy besigheid.

Die kunsuitstalling word gekomplimenteer met 'n versameling wyne van Grangehurst Wynkelder, met 'n gesellige 5-gang spyskaart by "Harveys at the Mansions", die voortreflike restaurant by die voorste seefront boutiekhotel.

Grangehurst is 'n kleinplasie geleë in die hellings van die Helderberge, tussen die Valsbaai kuslyn en Stellenbosch. Eienaar en wynmaker Jeremy Walker sal van sy persoonlike gunsteling wyne met die gaste deel op die Fynproewer, Kuns- & Wynaand.

Die Fynproewer, Kuns- & Wynaande begin om 19h00 en kos R250 per persoon, insluitend is 'n glas wyn per maalgang. Die kunsuitstalling sal vertoon word vanag 16 Mei to einde Junie. Vir meer inligting oor die kunstenaar skakel gerus Patrice by Patrice Boussekey's Eclectic Galery by 021 426 1748. Om 'n tafel te bespreek skakel 021 434 2351 of stuur 'n epos aan harveys@winchester.co.za.

Einde.

---

Uitgereik deur: GC Communications
Kontak: Natasha Smuts
Tel: +27 (0) 21 462-0520
Epos: natasha@gc-com.co.za

Uitgereik namens: Winchester Mansions Hotel
Kontak: Angelo Casu
Tel: +27 (0) 21 434-2351
Epos: acasu@winchester.co.za